

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 14: *Va'era* (וַאֲרַא) – Hy het verskyn

Ek het aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה, aan hulle bekend nie? Ex. 6:3 PWL¹.

Torah: Exodus 6:2 tot 9:35.

Haftorah: Eseg. 28:25 tot 29:21.

Nuwe Verbond: Matt. 12:1 tot 14; Mark. 12:26 en 27; Luk. 20:37 en 38; Joh. 8:58; Hand. 7:7, 17 en 35; Rom. 5:3; Rom. 9:14 tot 17; Rom. 12:12; Hebr. 11:23 tot 27; 1 Kor. 3:11 tot 15; 2 Kor. 6:14 tot 7:1; Open. 18:1 tot 8.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 14 wat afgelaai kan word by: [Parashah14Notas14](#).

Dit is onmoontlik om 'n ware kryger (soldaat) vir Yeshua te wees sonder om na die oorlogsfront opgeroep te word!

We are not diplomats but prophets, and our message is not a compromise but an ultimatum – A.W. Tozer.

True prayer is measured by weight, not by length. A single groan before God may have more fullness of prayer in it than a fine oration of great length – C. H. Spurgeon.

Torah Bespreking

Aan die einde van verlede week se parashah het ons gesien dat die verwagting waarmee Moses na Farao gegaan het nie gerealiseer het nie! Toe Moses en Aäron aan Farao gesê het:

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com. Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld.

“So sê יהוה, die God van Yisra’el: ‘Laat My volk gaan dat hulle vir My ’n fees kan hou in die wildernis.’ Ex. 5:1.

Het Farao geantwoord:

“Wie is יהוה dat ek Sy stem moet gehoorsaam om Yisra’el te laat gaan? Ek het nie ’n verbondsverhouding met יהוה nie en ek sal Yisra’el ook nie laat gaan nie.” Ex. 5:2.

Ons weet dat die werklas van die Israeliete ook vermeerder het na Moses en Aäron se aanvanklike versoek aan Farao, en hiervoor het die volk vir Moses en Aäron verkwalik. Met vrae en onsekerheid het Moses terug na YHVH gegaan, maar YHVH het hom toe soos volg geantwoord:

Toe sê יהוה vir Moshe: “Nou sal jy sien wat Ek aan Farao sal doen, want as gevolg van ’n sterk hand sal hy hulle laat gaan en as gevolg van ’n magtige arm sal hy hulle uit sy land uitdryf.” Ex. 5:24 en 6:1.

God het met Moshe gepraat en vir hom gesê: “Ek is יהוה. Ex. 6:1 en 2.

In hierdie week se parashah word hierdie gesprek tussen YHVH en Moses voortgesit toe YHVH aan Moses gesê het:

Ek het aan Avraham, aan Yitz’gak en aan Ya’akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה, aan hulle bekend nie?

Ek het ook My verbond met hulle vasgestel om aan hulle die land Kena’an te gee, die land waarin hulle as besoekers gebly het

en Ék het ook die gesug van die seuns van Yisra’el gehoor wat deur die Mitzrayiete in slawerny gehou word en Ek het My verbond onthou.

Sê daarom vir die seuns van Yisra’el: ‘Ek is יהוה en Ek sal julle onder die las van die Mitzrayiete uitbring en julle red uit hulle slawerny. Ek sal julle loskoop deur ’n uitgestrekte arm en deur groot oordele.

Ek sal julle vir Myself as volk neem en julle God wees en julle sal weet dat Ek יהוה, julle God, is wat julle uitbring onder die las van die Mitzrayiete

en Ek sal julle bring in die land waarvan Ek My hand opgelig het, om dit aan Avraham, aan Yitz’gak en aan Ya’akov te gee en Ek sal dit aan julle as ’n besitting gee. Ek is יהוה.” Ex. 6:3 tot 7 – PWL.

Hoewel Israel bekend was met die ware Naam van die God van Abraham, Isak en Jakob het hulle nog nie die volle openbaring gehad van die hoedanighede, naamlik van die Karakter en Outoriteit wat aan die Naam verbonde is nie. Die voorvaders het YHVH wel geken as *El-Shaddai*, naamlik *die Magtige God wat meer as genoeg is*.

In die meeste vertalings van Ex. 6:3 (In sommige vertalings vers 2) word die Hebreeuse *shaddai* slegs as die *Almagtige* vertaal. Indien die samestelling van die Hebreeuse woord egter ondersoek word, sien ons dat dit bestaan uit *sha* (wie) en *dai* (genoeg; Hy wat in Homself genoeg is; voldoende is; in staat is). Die Hebreeuse woord *shad* (*shadayim*), beteken ook *die bors* (*borste*) waaraan *die suigeling drink* en verwys dus ook na *voeding, voorsiening, versadiging en tevredenheid*. Israel het YHVH se hoedanighede geken as die Almagtige wat meer as genoeg is om te voed, te voorsien, te versadig en te bevredig.

Wees bly saam met Yerushalayim en swaai in die rondte van vreugde oor haar, almal wat haar liefhet! Wees uitermate vrolik saam met haar, almal wat oor haar treur sodat julle kan

drink en versadig word aan haar vertroostende borste sodat julle kan suig en julle verlustig aan haar oorvloedige boesem. Jes. 66:10 en 11

El Shaddai is slegs deel van YHVH se ware Naam (Karakter en Outoriteit) en daarom openbaar, verduidelik en bevestig YHVH aan Moses die ander hoedanighede wat aan Sy Naam (Karakter en Outoriteit) verbind word soos ons dit in Ex. 6:3 tot 7 lees, naamlik:

- YHVH ons Verbondsgod – *Ek het ook My verbond met hulle vasgestel om aan hulle die land Kena'an te gee, die land waarin hulle as besoekers gebly het (Ex. 6:4). YHVH is die getroue Verbondsgod. Daarom lees ons in Deut. 7:9 en 10:*

Weet daarom dat יהוה, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot 'n duisendste geslag met dié wat Hom liefhet en Sy opdragte gehoorsaam, maar aan die wat Hom haat, betaal Hy dit terug in hulle gesig, om hulle te vernietig. Hy sal nie terughou teenoor dié wat Hom haat nie, Hy sal hom in sy gesig terugbetaal.

- As getroue Verbondsgod dra YHVH die belange van Sy verbondskinders op die hart. Daarom lees ons dat YHVH aan Moses sê:

Ek het ook My verbond met hulle vasgestel om aan hulle die land Kena'an te gee, die land waarin hulle as besoekers gebly het en Ék het ook die gesug van die seuns van Yisra'el gehoor wat deur die Mitzrayiete in slawerny gehou word en Ek het My verbond onthou. Ex. 6:4 en 5.

YHVH hoor as Sy gunsgenote hom aanroep (Ps. 4:4). Bevestiging hiervan vind ons in die woorde van die skrywer van die brief aan die Hebreërs.

want daar is daarom vir ons 'n Groot nie-Levitiese Hoofpriester wat opgegaan het na die hemel: Yeshua, Die Gesalfde Een, die Seun van God; laat ons vashou aan Sy belydenis, want ons het nie 'n hoofpriester, wat nie in staat is om te vereenselwig met ons swakhede nie, maar Een wat in alle opsigte getoets is net soos ons, maar sonder dat Hy sonde het. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van Sy onverdiende guns gaan sodat ons liefdevolle omgee kan ontvang en ons sal onverdiende guns vind om ons te help in 'n tyd van lyding. Heb. 4:14 tot 16.

- YHVH is ons God van redding en verlossing. Daarom lees ons:

Sê daarom vir die seuns van Yisra'el: 'Ek is יהוה en Ek sal julle onder die las van die Mitzrayiete uitbring en julle red uit hulle slawerny. Ek sal julle loskoop deur 'n uitgestrekte arm en deur groot oordele. Ex. 6:5.

Hulle roep, en YHVH hoor, en Hy red hulle uit al hul benoudhede. Ps. 34:18

- YHVH is 'n waarmaker van Sy Woord.

Ek sal julle vir Myself as volk neem en julle God wees en julle sal weet dat Ek יהוה, julle God, is wat julle uitbring onder die las van die Mitzrayiete en Ek sal julle bring in die land waarvan Ek My hand opgelig het, om dit aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov te gee en Ek sal dit aan julle as 'n besitting gee. Ek is יהוה." Ex. 6:3 tot 8.

YHVH neem die volle verantwoordelikheid as Vader vir Sy kinders. As ons as aardse vaders weet om aan ons kinders die goeie te gee, soveel te meer ons Hemelse Vader (Matt. 7:9 tot 11)!! En ons Vader sal ons die belangrikste van alles gee, naamlik die Afgesonderde Gees wat aan ons die ware Karakter en Outoriteit van YHVH sal openbaar soos dit deur Yeshua gedemonstreer is!

As julle wat sleg is, weet om goeie geskenke vir julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader die Gees van Afsondering vanaf die hemel gee aan die wat Hom vra?
Luk. 11:13

Bepeins of Bespreek

1. Deur vertrou in Yeshua as die Messias is ons ook die nageslag van Abraham en daarom is ons ook *Ammishaddai* (Volk van Shaddai; die Almagtige – Num. 1:12) en is Yeshua ons *Tzurishaddai* (My Rots is Shaddai; die Almagtige – Num. 1:6)! Vertrou ons, en ken ons, YHVH as *El Shaddai* – Die Een wat in alle opsigte meer as genoeg is? Is ons dankbaar vir alles wat Hy voorsien – hoe baie of hoe min dit ook mag wees – of begeer ons nog meer gemaksug en voorspoed? Onthou: *The happiest people don't necessarily have the best of everything. They just make the best of everything – Anonymous.* Is ons huis gebou op die Rots wat Yeshua is?
2. Spr. 18:10 – *Die Naam van YHVH is 'n sterk toring, die regverdige hardloop daarin en word beskut.* Satan weet dat die ware Naam van die Enigste Ware Lewende God YHVH is, maar talle Christene ken nie hierdie Naam nie! Baie sal nie die vraag in Spr. 30:4 kan antwoord nie en baie ken nie die Karakter en Outoriteit wat deur hierdie Naam beskryf word nie. Daarom sal baie ook soos Farao vra: *Wie is YHVH na wie se stem ek moet luister...Ek ken YHVH nie....* (Ex. 5:2). Ken jy of weet jy slegs van YHVH en Yeshua. Verwys Joh. 17:3 – om te ken beteken om 'n intieme verhouding te hê!

Yeshua Het Verskyn

Ek het aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה, aan hulle bekend nie? Ex. 6:3

YHVH het aan Abraham, Isak en Jakob verskyn as El Shaddai, naamlik *die Magtige God wat meer as genoeg is*. Eeue later het YHVH weer aan die nageslag van Abraham, Isak en Jakob verskyn as Yeshua Die Gesalfde Een (die Messias).

Oor alle onderwerpe en op allerhande maniere het God vroeër deur die profete gepraat met ons vaders en in hierdie laaste dae het Hy met ons gepraat deur Sy Seun, wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het. Déur Hom het Hy die uitpansel gemaak, want Hy is die helder Skynsel van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en die Beeld van Sy Wese en hou alle dinge in stand deur die Boodskap van Sy wonderwerkende krag. Hy, in Sy Persoon, het die reiniging van ons sondes volbring en gaan sit aan die regterhand van HaG'dulah BaM'romim (Die Grootheid in die Hoogte). Heb. 1:1 tot 3.

Ons moet besef dat ons voorgeslagte van die ou verbond het in Torah slegs 'n skaduwee gesien van die ware Karakter en Outoriteit van YHVH. Die Torah is nie tot dieselfde mate as Yeshua die helder Skynsel van YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid en van die Beeld van YHVH se Wese nie. Daarom is Torah (die wet) slegs die skaduwee van YHVH se geregtigheid, want deur die wet kon geen mens geregverdig word nie (Rom. 3:20 en 28). In die opsig het die wet 'n tekortkoming!

Paulus bevestig dat die wet, naamlik Torah wat YHVH se onderrig en instruksies is, se doel nie was, en steeds nie is, om die mens te red nie (Rom. 4:14). Dit is alleenlik deur geloof (vertroue) in Yeshua as die Messias wat die mens gered word (Rom. 4:16). Die wet van die Gees van die lewe in Yeshua maak elkeen vry van die wet van die sonde en die dood (Rom. 8:2). Dit is net die Afgesonderde Gees wat lewend kan maak en nie die vlees nie (Joh. 6:63).

Ons moet onthou dat Yeshua het verskyn op 'n tydstop toe Israel 'n 'onvolmaakte' ('n gedeeltelike) openbaring van YHVH gehad het. Hulle het nog nooit YHVH in die vlees aanskou nie. Nee, hulle het slegs 'n skaduwee van YHVH in Torah gesien – 'n skaduwee wat dikwels verkeerd verklaar was! Maar toe Yeshua verskyn het, het die mens vir die eerste keer 'n volmaakte sigbare verteenwoordiger (afbeelding) van YHVH gesien! In Yeshua as mens is die volmaakte Karakter en Outoriteit van YHVH openbaar gemaak!

In begin het die Boodskap reeds bestaan en daardie Boodskap het saam met God bestaan en God self was daardie Boodskap. Joh. 1:1.

Die Boodskap het Vlees geword en het onder ons gebly en ons het Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien, 'n Gemanifesteerde Teenwoordigheid soos van die Enigste Uniekgeborene wat vanaf die Vader kom; Hy wat vol van onverdiende guns en waarheid is. Joh. 1:14.

Die boodskap (woorde) van YHVH is Sy Karakter en Outoriteit en hierdie woorde (boodskap) het in die vorm van Yeshua vlees geword en dus sigbaar as mens gemanifesteer en tussen die mens kom woon (tabernakel).

YHVH Yeshua het na Sy eiendom gekom, maar die meeste van Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie (Joh. 1:11). Maar aan dié wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die outoriteit gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Outoriteit en Karakter vertrou (Joh. 1:12).

Die bediening van die wet en die bediening van die Gees

In 2 Kor. 3:2 tot 18 vergelyk Paulus die bediening van die wet (Torah) met die bediening van die Gees.

*2 Julle is ons brief, geskryf in ons harte, geken en gelees deur alle mense;
3 omdat julle duidelik 'n brief van die Messias is deur ons diens berei, geskryf nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende Elohiem; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die hart.*

4 So 'n vertroue het ons deur die Messias by Elohiem.

5 Nie dat ons uit onself bekwaam is om iets as uit onself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit Elohiem,

6 wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe verbond, nie van die letter nie, maar van die Gees; want die letter maak dood, maar die Gees maak lewend.

7 En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in voortreflikheid was, sodat die kinders van Yiesraél nie die oë kon vestig op die aangesig van Mosheh nie vanweë die glans van sy aangesig, wat tog moes vergaan,

8 hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in voortreflikheid wees nie?

9 Want as die bediening wat veroordeel, voortreflik was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in voortreflikheid.

10 Want wat voortreflik was, is ook in hierdie geval nie voortreflik nie, vanweë die alles oortreffende voortreflikheid.

11 *Want as wat moes vergaan, met voortreflikheid was, veel meer is wat moet bly, in voortreflikheid.*

12 *Terwyl ons dan sodanige hoop het, gebruik ons baie vrymoedigheid;*

13 *nie soos Mosheh nie, wat 'n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Yiesraël nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie.*

14 *Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die ou verbond dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in die Messias vernietig word.*

15 *Ja, tot vandag toe, wanneer Mosheh geles word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart;*

16 *maar wanneer hulle tot Yahweh bekeer is, word die bedekking weggeneem.*

17 *Yahweh is die Gees, en waar die Gees van Yahweh is, daar is vryheid.*

18 *En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die voortreflikheid van Yahweh aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van voortreflikheid tot voortreflikheid, as deur Yahweh wat die Gees is. (Woord en Getuienis)*

Paulus open sy vergelyking van die twee bedieninge in verse 7 en 8 met die woorde: *En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in voortreflikheid was...., hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in voortreflikheid wees nie?*

Paulus verduidelik dat die wet (letters op klip) ooreenkom met die bediening van die dood omrede YHVH se wet die mens aankla, skuldig bevind en vonnis en daarom is die loon van die sonde die dood (Rom. 6:23).

Paulus sê egter dat hierdie wet met so 'n gepaardgaande heerlikheid gekom het dat *die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlikheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan.* Hierdie heerlikheid (*doxa* in Grieks) is deel van die Karakter en Outoriteit van YHVH, maar is 'n skadubeeld van die werklikheid. Hierdie heerlikheid was wel sigbaar op die gesig van Moses tot so 'n mate dat hy sy gesig moes bedek.

Maar Paulus sê egter dat hierdie heerlikheid uiteindelik *tog moes vergaan.* Waarom? Dit moes plek maak vir 'n groter en blywende heerlikheid. Wat is hierdie heerlikheid wat groter is as die wet (die Torah)? Dit is Yeshua Messias – die genade van YHVH wat deur die Afgesonderde Gees YHVH se Torah, soos dit in Yeshua Messias vervul is, in ons verstand gee en dit op ons hart skryf.

Daarom skryf Paulus dat *as die bediening wat veroordeel (bediening van die dood), voortreflik was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in voortreflikheid (heerlikheid). Want wat voortreflik was, is ook in hierdie geval nie voortreflik nie, vanweë die alles oortreffende voortreflikheid. Want as wat moes vergaan, met voortreflikheid was, veel meer is wat moet bly, in voortreflikheid.* Yeshua is die groter en blywende voortreflikheid wat YHVH aan die mens geskenk het.

Maar Paulus sê ook in verse 13 en 14 dat *Yesraël nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie. Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die ou verbond dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in die Messias vernietig word.*(vers 13 en 14). Rabbynse Judaïsme se harte is verhard en hulle kan nie Yeshua 'sien' as die helder Skynsel van YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid en van die Beeld van YHVH se Wese nie. Hulle is versluier – hulle sinne is bedek – en glo nie dat Yeshua die einddoel van die Torah is nie (Rom. 10:4). Daarom het hulle nie die volle openbaring van YHVH se Karakter en Outoriteit nie! Nee, hulle sien nog steeds slegs die skaduwee in Torah!

Wat is die bediening wat regverdig maak? Dit is die bediening van die Gees wat lewend maak, naamlik die versoening deur geloof in Yeshua as die Lam van God tot sondevergifnis vir elkeen wat YHVH se wet (Torah) oortree. Dit is om vrygespreek te word van die wet van sonde en die dood en om deel te word van die wet van die lewe in Yeshua (Rom. 8:2). Hierdie bediening het 'n oorvloedige en als oortreffende heerlijkheid in vergelyking met die bediening van die wet wat veroordeel. Die bediening van die Afgesonderde Gees is ook 'n blywende en nie 'n verdwynende heerlijkheid nie.

Yeshua was die sigbare manifestasie van hierdie bediening. Die skaduwee van YHVH se Karakter en Outoriteit het verdwyn en ons oë geopen om Yeshua te sien wat die helder Skynsel van YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid en van die Beeld van YHVH se Wese is. Yeshua is die vervulling van die geskrewe wet (Matt. 5:17).

Die bediening wat regverdig maak deur vertrou in Yeshua oortref in alle opsigte die bediening van die Torah!

Wees volmaak!

Ons elkeen het die opdrag om volmaak te wees.

Jy moet daarom volmaak wees net soos julle Vader in die hemel volmaak is'." Matt. 5:48

Deur Torah-gehoorsaam te lewe kan die mens egter nie volmaak word nie, maar in Yeshua kan elkeen wel volmaak word. Daarom het Paulus gesê:

Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in die Messias Yahshua voor te stel. Kol. 1:28 – Woord en Getuienis.

Toe Yeshua die Afgesonderde (Heilige) Gees gestuur het om in elkeen wat wedergebore is te woon, het die mens die vermoë ontvang om volmaak te word, naamlik om gelykvormig aan Yeshua te word!

Hierdie dinge het Ek vir julle gesê terwyl Ek by julle is, maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees van Afsondering, wat My Vader in My Outoriteit en Karakter sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Joh. 14:25 en 26

maar Ek sê vir julle die waarheid: dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Bevryder en Lewegewer nie na julle toe kom nie, maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle toe stuur. Joh. 16:7

Ons weet dat, vir hulle wat God liefhet, Hy hulle in alles help tot die goeie, vir hulle wat Hy opsy gesit het om geroep te word,

*want die wat Hy vooruit geken het, dié het Hy ook vooruit gevorm **om te lyk net soos die beeld van Sy Seun sodat Hy die Eersgeborene kan wees onder baie broers***

en die wat Hy vooruit gevorm het, dié het Hy ook geroep en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook onskuldig verklaar en die wat Hy onskuldig verklaar het, aan dié het Hy ook Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee. Rom. 8:28 tot 30.

Alleenlik deur die inwonende Afgesonderde Gees kan ons tot geestelike volwassenheid groei en tot eensgesindheid in vertrou en kennis van die Seun van God.

Die Een wat afgekom het, is dieselfde Een wat opgegaan het ver bo al die hemele sodat Hy alles kon herstel

en Hy het sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee,

*om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle daad in die bediening tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een
totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeiheid van Die Gesalfde Een. Efes. 4:11 tot 13.*

Geliefdes, besef en verstaan ons regtig dat volmaaktheid en geestelike volwassenheid nie deur die onderhouding van Torah onder die ou verbond moontlik was nie en steeds nie onder die nuwe verbond moontlik is nie! Daarom is diegene wat vasgevang is in Rabbynse Judaïsme onvolmaak en geestelik onvolwasse, want hulle verwerp Yeshua! Hulle het nie die inwonende Afgesonderde Gees van YHVH nie, want deur Yeshua te verwerp word die vulling met die Afgesonderde Gees ook verwerp!

Ja, Rabbynse Judaïsme het 'n ywer vir YHVH, maar sonder kennis van YHVH se geregtigheid in Yeshua. Hulle het hulle eie geregtigheid opgerig en onderwerp hulle nie aan die geregtigheid van God nie. Daarom het Paulus aangaande sy volksgenote gesê:

*My broers, die begeerte van my verstand, wil en emosie en my intrede voor God vir hulle, is vir hulle onthalwe dat hulle gered mag word,
want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God in hulle het, maar nie in kennis nie
omdat hulle die onpartydige opregtheid van God nie ken nie, maar hulle eie onpartydige opregtheid probeer oprig; daarom het hulle die onpartydige opregtheid van God nie gehoorsaam nie,
want die einddoel van die geskrewe wet is Die Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou,
want Moshe skryf dat die man wat die onpartydige opregtheid praktiseer wat uit die wet is, volgens daardie onpartydige opregtheid sal lewe." Rom. 10:1 tot 5.*

Luister nou aandagtig na wat Paulus in sy brief aan die Romeine skryf:

*Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van Die Gesalfde Een, om aan 'n ander te mag behoort, naamlik aan Hom wat uit die dood uit opgestaan het sodat julle vir God vrugte kan dra,
want toe ons in die ou natuur was, het die siektes van die sonde wat deur die geskrewe wet kom, ywerig in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra,
maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf sodat ons van nou af **slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie.** Rom. 7:4 tot 6.*

Vader-God verlang dat Sy kinders die volwasse vrugte volgens Sy beeld en gelykenis moet dra. Hierdie vrugte is nie moontlik deur die onderhouding van die wet nie. Daarom het Yeshua gekom sodat ons nie meer volgens die vlees lewe nie, maar wel deur die Afgesonderde Gees wat ons leer en herinner aan alles wat Yeshua gesê het.

*Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie,
want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood,
want omdat die wet swak was, deur die sieklikeid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1 tot 4.*

Die Torah wat YHWH aan Israel gegee het na die verbreking van die verbond (Eks. 19:1 tot 24:11) weens die aanbidding van die goue kalf moes Israel in bewaring hou tot die oomblik wat die Vader bepaal het om Yeshua as die beloofde Saad te stuur om die belofte aan Abraham te vervul.

Die geskrewe wet was dus vir ons 'n gids ('n tugmeester) totdat Yeshua gekom het sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertroue. Sedert die vertroue in Yeshua gekom het, is ons nie meer onder 'n gids nie, want ons is almal kinders van God deur die vertroue in Yeshua, Die Gesalfde Een. Ons gids is nou die Afgesonderde Gees wat ons in alle waarheid lei en ons herinner aan alles wat Yeshua ons geleer het! Paulus verduidelik dit soos volg:

So word die wat vertrou, geseën saam met die vertrouende Avraham, want almal wat 'staatmaak op die onderhouding van die wet,' is onder 'n vloek, want daar is geskryf: "Vervloek is elkeen wat nie voortdurend alles sal doen wat in hierdie boek van die wet geskryf is nie.

Dat 'n mens nie deur die geskrewe wet by God onskuldig verklaar word nie, is duidelik, want dit is geskrywe: "Die onskuldige sal deur vertroue leef," maar die geskrewe wet was nie vanuit vertroue nie, maar wie ook al dié dinge doen wat daarin geskrywe is, sal daarin lewe."

Die Gesalfde Een het ons losgekoop van die vloek van die geskrewe wet deur in ons plek 'n Vloek te word, want daar is geskryf: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang" sodat die seën van Avraham na die ander nasies kon kom deur Die Gesalfde Een, Yeshua en dat ons die belofte van die Gees deur vertroue mag ontvang.

Broers, ek praat menslikerwys: dat 'n menslike verbond, as dit bekragtig is, nie deur enige mens verwerp of enige iets daarin verander kan word nie.

Die beloftes is aan Avraham belowe en aan sy Saad as 'n verbond. Hy sê nie vir hom: 'Aan jou sade,' asof dit na baie wys nie, maar "Aan jou Saad," soos na Een: Hom wat Die Gesalfde Een is

en ek sê dít: dat die verbond, wat deur God, in Die Gesalfde Een, van die begin af bekragtig is, nie deur die geskrewe wet, wat vier honderd en dertig jaar later gekom het, gekanselleer is om so die belofte tot niet te maak nie,

want as die erfenis vanuit die geskrewe wet is, dan is dit nie meer die vervulling van die belofte nie, maar God het dit aan Avraham deur 'n belofte gegee.

Hoekom dan die geskrewe wet? Dit is bygevoeg omrede die afdwaling totdat die Erfgenaam sou kom aan Wie die belofte gemaak is en daardie geskrewe wet is deur die belofte gegee, deur die hand van 'n tussenganger.

'n Tussenganger verteenwoordig nie een alleen nie, maar God is Een.

Is die wet wat ons ontvang het teenoorgesteld aan die belofte van God? 'n Verwerplike gedagte, want as daar 'n wet gegee is, wat in staat was om lewe te gee, dan sou die onpartydige opregtheid waarlik vanaf die wet gekom het.

Die Skrifte het alles onder die sonde ingesluit sodat die belofte in die vertroue van Yeshua, Die Gesalfde Een, aan die wat vertrou, gegee kon word, maar voordat die vertroue gekom het, is ons begelei deur die wet terwyl ons afgesny was van die vertroue wat op die punt was om openbaar te word.

Die geskrewe wet was dus vir ons 'n gids na Die Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertroue,

maar sedert die vertroue gekom het, is ons nie onder 'n gids nie,

want julle is almal kinders van God deur die vertroue in Yeshua, Die Gesalfde Een, want julle almal wat in Die Gesalfde Een gedoop is, het Die Gesalfde Een aangetrek.

Daar is nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, daar is nie man of vrou nie, maar julle is almal een in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua.

As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename. Gal. 3:9 tot 29.

Toe Yeshua verskyn het, het die klem vanaf Torah na Yeshua en die Afgesonderde Gees verskuif. Ons sien nie slegs 'n skaduwee van YHVH in Torah nie, maar deur vertroue in Yeshua as Die Gesalfde Een sien ons die volmaakte Karakter en Outoriteit van YHVH. Ons moet nie meer deur die wet gelei word nie, maar wel deur die Afgesonderde Gees. Die wat deur die Afgesonderde Gees gelei word, is die kinders van YHVH (Rom. 8:14). Ons moet deur die Gees lewe en wandel (Gal. 5:25) sodat ons volgens YHVH se Torah kan lewe soos dit in Yeshua vervul is.

Almal wat in Die Gesalfde Een gedoop is, het Die Gesalfde Een aangetrek (Gal. 3:27) en kan daarom gelykvormig aan Yeshua word om die vrug te dra volgens die beeld en gelykenis van ons Vader-YHVH.

Bepeins of Bespreek

1. Rabbynse Judaïsme is ook, soos almal wat Yeshua as Die Gesalfde Een verwerp, die afgebreekte takke van die mak olyfboom (Rom. 11:17 tot 21). En tog is daar diegene wat glo dat Torah-gehoorsame Jode gered word, ten spyte daarvan dat hulle Yeshua as Messias verwerp! Is Yeshua dan nie die enigste weg, tot die waarheid wat lewe gee nie? Is Torah-gehoorsame Jode dan wedergebore? Hoekom het Yeshua dan vir Nikodemus op die belangrikheid van wedergeboorte gewys (Joh. 3:3)?
2. Ons word dikwels deur leiers in die Messiaanse Beweging aangemoedig om ons te onderwerp aan die leringe van Rabbynse Judaïsme. Die Talmud (die mondelinge Torah) word dan dikwels as 'n 'goeie' bron van lering aanbeveel. Maar baie min gelowiges in die Messiaanse Beweging besef die gevaar hiervan. Elkeen behoort eerstens te vra: Deur watter gees word die skrywers van die Talmud geïnspireer? Is dit die Afgesonderde Gees of die gees van die Antimessias – die vals gesalfde? Indien jy die Skrifte van die nuwe verbond sou glo, sal jy besef dat dit die gees van die Antimessias is wat Rabbynse Judaïsme inspireer, want in 1 Joh. 4:3 is geskryf: *En elke gees wat nie erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie, is nie vanuit God nie, maar dit is die gees van die vals gesalfde, waarvan julle gehoor het dat hy kom en van nou af in die wêreld is.* Yeshua self het aan die Fariseërs (die begin van Rabbynse Judaïsme) gesê: *Julle vader is Satan (Joh. 8:44)!!* Is jy bereid om jouself te onderwerp aan leringe van mense wat deur die gees van die Antimessias geïnspireer word en Satan as Vader het?

Ek wil elkeen aanmoedig om die boek van Joseph Herrin: **Attractive Deception - The False Hope of the Hebrew Roots Movement** te lees wat afgelaai kan word by:

http://heart4god.ws/index_htm_files/Attractive%20Deception%20-%20The%20False%20Hope%20of%20the%20Hebrew%20Roots%20Movement.pdf

Hierdie boek is 'n 'eye-opener' en 'n 'wake-up-call' aan elkeen in die Messiaanse Beweging: As voorbeeld haal ek die volgende uit hierdie boek aan:

Op bladsye 14 en 15 die volgende:

The Babylonian Talmud

It strikes me as significant that the Talmud would come to have the word "Babylonian" attached to it. The word Babel, from which the name Babylon is derived, means "confusion." Truly, no better description could be given to this body of man-

made traditions than “confusion,” for it leads people away from the truth of God’s word.

It is important to understand the tremendous veneration the Jewish people have given to these manmade traditions over the centuries. For nearly a millennia prior to Christ, and up to 200 A.D., the Oral Torah was accorded great honor. When it was codified as the Mishna two centuries after Christ, and expanded through the addition of the Gemara in following centuries, it was regarded by Orthodox Jews as being more valuable than the Tanakh (Old Testament). Nesta Webster, in her book *Secret Societies and Subversive Movements*, writes:

The Talmud itself accords to the Bible only a secondary place. Thus the Talmudic treatise Soferim says: 'The Bible is like water, the Mischna is like wine, and the Gemarah is like spiced wine.'

Reverend I. B. Pranaitis adds to this testimony.

An important point to note is that [the Talmud] has always been regarded by the Jews as holy. They have always held it, and still hold it, as more important than the Sacred Scriptures. The Talmud itself shows this very clearly:

In the tract Babha Metsia, fol. 33a, we read:

"Those who devote themselves to reading the Bible exercise a certain virtue, but not very much; those who study the Mischnah exercise virtue for which they will receive a reward; those, however, who take upon themselves to study the Gemarah exercise the highest virtue..."

The following is a well-known and highly praised opinion in the writings of the Rabbis:

"My son, give heed to the words of the scribes rather than to the words of the law."

The reason for this is found in the tract Sanhedrin X, 3, f.88b:

"He who transgresses the words of the scribes sins more gravely than the transgressors of the words of the law."

Op bladsy 138 en 139 die volgende:

Few Christians outside of Israel today understand the hatred that rabbinic Judaism continues to hold toward them and their Messiah. As was mentioned in a previous chapter, the Orthodox Jews hold the Talmud, which contains the opinions of the Jewish rabbis, in higher esteem than the Tanakh (Old Testament). Passages from the Talmud accuse the Son of God of being a sorcerer and of teaching apostasy. They also describe “Yeshu” as suffering endless torments of being boiled in human excrement because He showed contempt toward the words of the rabbis (sages).

Babylonian Talmud Tractate Sanhedrin - 43a

On the eve of the Passover Yeshu was hanged. For forty days before the execution took place, a herald went forth and cried, 'He is going forth to be stoned because he has practiced sorcery and enticed Israel to apostasy. Any one who can say anything in his favor, let him come forward and plead on his behalf.' But since nothing was brought forward in his favor he was hanged on the eve of the Passover! - Ulla retorted: 'Do you

suppose that he was one for whom a defense could be made? Was he not a Mesith [enticer], concerning whom Scripture says, Neither shalt thou spare, neither shalt thou conceal him? With Yeshu however it was different, for he was connected with the government [or royalty, i.e., influential].'

Babylonian Talmud: Tractate Gittin - Folio 57a.

He then went and raised by incantations Yeshu. He asked him: Who is in repute in the other world? He replied: Israel. What about joining them? He replied: Seek their welfare, seek not their harm. Whoever touches them touches the apple of his eye. He said: What is your punishment? He replied: With boiling hot excrement, since a Master has said: Whoever mocks at the words of the Sages is punished with boiling hot excrement.

Orthodox (Talmudic) Judaism is the prevailing belief system of the Jewish people residing in Israel today. Even those Jews who do not practice a Haredi lifestyle (Haredis are those who reject modern secular culture), are greatly influenced by rabbinic Judaism, believing it to be representative of the authentic Jewish faith. Consequently, they share the view that Yahshua was the bastard son of a Jewish woman who grew up to practice sorcery and teach heresy, being an enemy of the pure religion of the Hebrew people. What does Yahweh say about those who hold such a view of the Son of God.

I John 4:2-3

By this you know the Spirit of God: every spirit that confesses that Yahshua Christ has come in the flesh is from God; and every spirit that does not confess Yahshua is not from God; and **this is the spirit of the antichrist**, of which you have heard that it is coming, and now it is already in the world.

The Orthodox Jews refer to the Son of God as “Yeshu.” This was not the actual name that Christ went by when He walked among them. Yeshu is actually an acrostic. Each letter of this name begins a Hebrew word from a phrase that translates into English as “May his name be blotted out.”

3. En tog word die meeste gelowiges in die Messiaanse Beweging bekoor deur Rabbynse Judaïsme, tot so ‘n mate dat die Skrifte van die nuwe verbond verwaarloos word omrede die fokus op die Skrifte van die ou verbond, veral die eerste vyf boeke – die Torah, geplaas word. Dan gebeur dit dat die bediening van Yeshua en die Skrifte van die nuwe verbond bevraagteken word. In die geval is die volgende waar!

One who romanticizes over Judaism and loses focus of the kingdom of Heaven can be compared to a carpenter who is infatuated with the hammer, rather than the house it was meant to build – Troy Mitchell.

4. Elkeen behoort te vra: Word ek deur Torah gelei of deur die Afgesonderde Gees? Soos voorheen vra ek weer: Hoekom lê die Messiaanse Beweging so min klem op die Afgesonderde Gees, maar so baie klem op die Torah? Dui dit nie op ‘n ernstige probleem nie? Is die Messiaanse Beweging nie ‘n erger en meer subtiele misleiding as die van die Christendom nie? Moet ons doelwit nie wees om ‘n voortsetting van die gemeente van Handelingte te wees nie?

-O-O-O-O-O-O-O-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.

Johan.

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.